

Sing vooraf staande: Psalm 71:1, 2 (p. 353)

- 1 Op U alleen, my Rotssteen bou ek. / Laat my dan nimmermeer / in smaad verval, o HEER!
Op u geregtigheid vertrou ek. / Verhoor my, red my lewe; / dis aan U oorgegewe!
- 2 Wees my 'n rotssteen hoog verhewe, / hoog teen 'n bergwand aan, / waar 'k altyd in kan gaan.
U het beveel dat ek sal lewe; / en 'k leef, o grote Ontfermer, / my Toevlug en Beskermer!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 31:1, 19 (p. 143)

- 1 Net soos 'n rots, gesterk, gestewig / teen storm en ongety, / is U, o HEER, vir my.
Maak my tog nie beskaamd vir ewig. / Bevry my, hoor my bede / na u geregtighede.
- 19 Bemin die Heer. sy gunsteling! / Hy sal jul nooit verlaat, / maar straf die trotse daad
deur goddelike regsdinge. / Wees sterk dan, en behoue, / in stille Godsbetroue.

Gebed

Psalm 38:1, 2 (p. 189)

- 1 Straf tog nie in ongenade / my misdade, / HEER, verdra my met geduld.
Wil tog nie in toorn ontsteek nie / en U wreek nie / op my sonde en sondeskuld.
- 2 In my dring u strafgerigte, / HEER, soos skigte / wat my hart deurboor soos staal.
Ja, die hand wat hul gedryf het / in my lyf, het / self ook op my neergedaal.

Skriflesing: Romeine 1: 16, 17 en Matteus 16:13 – 23.

Teks: Matteus 16:19; Kategismus Sondag 31

En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemele gebonde wees. En wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemele ontbonde wees.
(Matteus 16:19 AFR53)

Geen mens kan aan 'n kerk wil behoort, maar die Here nie van harte aanbid nie, of volgens sy eie reëls wil aanbid nie.

Een van die hartseerste dinge wat in 'n gemeente kan gebeur, is dat daar mense is wat kwaad word en aanstoot neem omdat hulle vermaan en aangemoedig word om saam met die gemeente te kom aanbid. En tog gebeur dit.

Daarom moet daar in die kerk onderskei word:

- Die mense wat die Drie-enige God werklik ken en aanbid, moet in die kerk ingesluit word.
- Die wat onregverdig is, moet vermaan en bearbei word sodat hulle tot bekering kan kom.
- Die wat weier om hulle werklik tot God te bekeer, moet ter wille van die heiligheid van God en sy kerk, uit die kerk uitgesluit word.

Dit is die betekenis daarvan dat die Here vir sy kerk sê dat Hy aan hulle die sleutels van die hemele gee, en dat hulle op die aarde moet oopsluit en toesluit.

Kom ons gee aandag aan twee fasette van die tug:

1. Die tug en die prediking

2. Praktiese toepassing van die tug

1. Die tug en die prediking

Die kerk het 'n verantwoordelikheid van die Here ontvang om die evangelie van die Here Jesus te verkondig.

- Dit is nie 'n oordeelsverantwoordelikheid nie!
- In die eerste plek is dit 'n liefdeshandeling: God het behae in die bekering van die sondaar, en die engele in die hemel juig oor een sondaar wat hom bekeer.

Die oordeel kom eers ter sprake wanneer oorgegaan word tot die tug omdat iemand nie in liefde vermaan wil word nie, en hy uit die kerk van God uitgebana moet word.

Dit is ook nie die kerkraad wat oor hierdie dinge besluit nie. Die Here Jesus Christus is die Koning van die kerk – Hy besluit wat en hoe dinge in die kerk moet gebeur.

- Die ouderlinge tree op op sy bevel, met ander woorde, elke besluit wat hulle neem moet volgens die Bybel wees oor die bepaalde saak.
- Daarom leer en vermaan die Here Jesus ons voortdurend deur die verkondiging van sy Woord.
- Hy leer ons in die Bybel dat Hy baie vertoorn word oor mense wat volhard in die sonde.

Wanneer die kerk hierdie dinge waar en opreg leer, beoefen hy al klaar die sleutelmag. Dink daaraan:

- Die prediking sluit vir mense die hemelryk oop deur hulle die verlossing in die Here Jesus te leer, en aanhoudend aan hulle te verkondig.
- Mense wat die verkondiging van God se genade hoor, word deur die Heilige Gees tot bekering gebring sodat hulle dan glo.

Die toesluit in die prediking bestaan daarin dat alle mense dadelik al uit God se Woord geleer word dat hulle 'n bepaalde verantwoordelikheid het teenoor die Here.

- Die Here gee aan hulle die opdrag om aan Hom eer te bewys in hulle aanbidding.
- Hulle het ook die opdrag om te hou by die orde wat die Here in die kerk ingestel het.
- As hulle nie wil bly by die aanbidding en die orde wat die Here leer nie, moet hulle uit die kerk uitgebana word.

Die Here ban slegs almal wat teen Hom rebelleer uit sy koninkryk uit – die duiwel en sy uitwerping is hiervan 'n voorbeeld.

Die Here verkondig sy genade nie net in elke preek nie.

- Hy doen dit ook nog sigbaar deur die bediening van die sakramente.
- Daar hoor en sien en proe jy van die genade van die Here oor jou.

Maar die onordelike mag nie daaraan deelneem nie.

- Hy moet voel en beleef wat die gevolge daarvan is dat hy die Here verwerp het sodat dit hom tot bekering kan beweeg.
- As iemand aan sy lyf voel hoe sleg dit is om soos 'n onregverdigte behandel te word, sal dit hom laat besef wat die liefde van God vir hom werd is.

Vir die Here is die toepassing van die tug 'n regshandeling.

- Hy maak daarmee heeltemal fisies duidelik dat mense wat sy liefde vertrap nie dieselfde voorregte kan geniet as die wat die Here liefhet nie.
- Jy kan nie die Here haat, maar aanspraak maak op sy genade nie.

Die regverdige sal deur sy geloof lewe – so leer die Bybel. Logies is die teenoorgestelde ook waar: Die onregverdige sal deur sy ongeloof ten gronde gaan.

- Die ouderlinge moet sorg dat die predikant hierdie dinge verkondig, want in God se kerk lewe al twee: die regverdiges en die onregverdiges.
- Dink aan die woorde van die apostel Paulus soos die Heilige Gees hom dit laat neerskryf aan die Romeine:

... hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie. (Romeine 9:6b AFR53)

2. Praktiese toepassing van die tug

God wil self sy gemeente suiwer hou. As al die vermaninge wat in liefde gebeur, geen vrugte dra nie, staan die onregverdige voor God se regterstoel.

Hierdie tughandeling kom die duidelikste na vore rondom die bediening van die nagmaal.

- Daar is van tyd tot tyd mense in die kerk wat soos ongelowiges lewe.
- As hulle sou nagmaal gebruik, sou hulle die heiligheid van die Here en van sy sakrament skend.
- Hulle openbare sondes is ook dikwels 'n aanstoot vir die ander mense.

Die Here eis dat sulke mense in liefde vermaan moet word om hulle lewens reg te maak.

- As hulle nie wil luister nie, en die gemeenskap van die heiliges met hulle sondes bly besoedel, dan begin die proses om hulle uit te sluit uit die kerk – met ander woorde: uit die koninkryk van God.

Dit is 'n verskriklike saak, want uit die gedeelte waaroor ons preek, is dit duidelik dat wanneer iemand wettiglik deur die kerk op die aarde in die Naam van die Here uitgesluit is uit sy geledere, daardie persoon ook in die hemele uitgesluit is.

- Jy kan dus nie na 'n ander kerk toe gaan as jy onder die tug is of reeds uit die kerk uitgeban is nie, want dit is die Here van die kerk wat jou tug, en geen ander kerk kan die optrede van die God van die kerk tot niet maak nie.
- As jy eers uit 'n kerk uitgeban is, is jy uit die hemel ook uitgeban.

Waaroor gaan dit nou alles? ***Dit gaan daaroor dat ons in die kerk is om die Here te aanbid, en om Hom te verheerlik.***

- Die Here moet geëer word. Almal wat lidmate van die kerk wil wees, moet saamdoen aan hierdie verering van die Here – soos Hy dit voorskryf natuurlik.
- Wanneer daar lidmate is wat dit nie wil doen nie, is dit mos duidelik dat hulle op die verkeerde plek is, en daarom moet hulle óf tot bekering kom, óf die kerk verlaat.

Die tug gaan dus in die heel eerste plek oor die eer van God.

- Dit is tog logies dat die eer van God ook die eer van sy kerk insluit.
- *'n Kerk is nie eerbaar as hy mense in hom huisves wat teen God in verset en opstand is nie! Sulke mense is vir die Here 'n ergernis, want hulle bring die eer van God en die aanbidding van die ander kerkgenote in gedrang.*
- En hierdie ergernis en afstoot moet uit God se kerk verwyder word.

Nou moet u tog net nie die indruk kry dat die tug 'n besem is wat die kerkraad kan gebruik om almal van wie hulle nie hou nie, uit die kerk uit te vee nie.

- Dit is nie moontlik dat so iets kan gebeur nie, want dit is nie hulle kerk nie.
- Dit is God se kerk, en daar mag met God se mense slegs gewerk word volgens God se voorskrif.

Die Here Jesus Christus is die enigste Hoof van die kerk, en al die mense in die kerk behoort aan Hom.

- Daarom oefen Hy tug uit oor mense wat nie wil luister nie.
- Die kerkraad moet bloot die instrument wees wat in die kerk die wil van die Here uitvoer.

Dit is waarom daar in die geval van die afsetting van 'n ouderling of diaken twee naburige kerke se hulp ingeroep word;

- en in die geval van die ban of uitsnyding van 'n lidmaat die hele klassis,
- en in die geval van die afsetting van 'n predikant die hulp van die hele Streeksinode (die kerkverband).

Hierdie vergaderings se hulp word ingeroep om seker te maak dat die wil van die Here oor die betrokke persoon uitgevoer word.

Omdat God 'n God van liefde is, werk die tug ook altyd eers met liefde. Die tug probeer altyd eers om die sondaar te bekeer.

- Prakties werk dit so dat die kerkraad die lidmaat gaan besoek en met hom praat om hom te beweeg om afstand te doen van die dinge wat nie die heiligheid van God bevorder nie.
- Die sondaar kan moontlik hulp nodig hê om sy probleem te oorkom, en dan het hy die reg om die hulp van die kerkraad in die saak te vra.
- Maar die eindpunt moet ware bekering wees.

Die doel van die tug is om die sondaar skaam te maak sodat hy sy kwaad kan laat staan.

- Daarom word die sondaar ook van die nagmaal afgehou.
- Hy moet prakties sien dat daar sekere beginsels is wat God vasgelê het, en dat God die orde handhaaf deur altyd by hierdie beginsels te bly.

Ons het hierdie beginsel in die Bybel in onder andere Johannes 3:18, 19:

Hy wat in Hom (Christus) glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie. En dit is die oordeel: dat die Lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liever gehad as die Lig; want hulle werke was boos. (Johannes 3:18, 19 AFR53)

Die Here Jesus waarborg twee dinge:

- Die verlossing van regverdiges
- Die uitwerping van die onregverdiges

Die kerk verkondig dus aan almal verlossing en genade deur die Here Jesus Christus.

- Die wat dit nie aanvaar nie is vanselfsprekend mense met wie ons nie gemeenskap beoefen nie.
- Hulle moet uit die kerk uitgebou word.

Kom ons ondersoek onself, en kyk of ons die vrede van die ewige lewe in ons hart ervaar, en die wil het om die Here van harte te dien. Dan is ons tuis in die gemeente en in die huisgesin van die Here.

Kom ons lees Kategismus Sondag 31 saam.

Vraag 83: Wat is die sleutels van die koninkryk van die hemel?

Antwoord: Die verkondiging van die heilige evangelie en die Christelike tug. Met albei hierdie handeling word die koninkryk van die hemel vir die gelowiges oopgesluit en vir die ongelowiges toegesluit.

Vraag 84: Hoe word die koninkryk van die hemel deur die verkondiging van die heilige evangelie oop- en toegesluit?

Antwoord: Volgens die bevel van Christus word aan die gelowiges gesamentlik en afsonderlik verkondig en openlik betuig dat al hulle sondes hulle waarlik deur God ter wille van die verdienste van Christus vergewe is so dikwels as wat hulle die belofte van die evangelie met 'n ware geloof aanneem. Daarenteen word aan al die ongelowiges en huigelaars verkondig dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank hulle hulle nie bekeer nie (a). Volgens hierdie getuienis van die evangelie sal God sowel in hierdie as in die toekomstige lewe oordeel.

(a) Joh 20:21-23; Matt 16:19.

Vraag 85: Hoe word die koninkryk deur die Christelike tug toe- en oopgesluit?

Antwoord: Volgens die bevel van Christus word die wat die naam Christen dra en tog 'n onchristelike leer huldig of hulle onchristelik gedra eers herhaalde kere broederlik vermaan. As hulle egter nie van hulle dwalinge of skandelige lewe wil afsien nie, moet dit aan die gemeente of aan die wat deur die gemeente daarvoor aangewys is, gesê word. As hulle hulle ook nie aan laasgenoemde se vermaninge steur nie, word hulle nie langer tot die heilige sakramente toegelaat nie en uit die Christelike gemeente en deur God self uit die ryk van Christus uitgesluit. Hulle word weer as lede van Christus en sy gemeente aangeneem wanneer hulle werklike verbetering beloop en bewys (a).

(a) Matt 18:15-17; 1 Kor 5:4, 5, 11; 2 Kor 2:6-8.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 32:1 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 10 November 2013